# KONINKRYKSTYD

**Juniemaand is JEUG-maand.**
Laai die DinkJeug Families app af luister, lees, gesels en bid saam.



## HUISGELOOF
### VOORSIEN
### GEN 22:1-14

## OMGEE
Speel die speletjie: Wat sou jy saamneem na 'n verlate eiland? Elkeen moet onthou wat die vorige persone genoem het. Hoe meer rondtes, hoe langer raak die lys van dinge wat julle moet onthou om saam te neem!

## GESELS
Die verhaal van Abram wat vir Isak moet offer, is moeilik om in vandag se tyd te verstaan. Maar dit gaan oor gehoorsaamheid en die Here wat altyd vertrou kan word - Hy voorsien!

**Lees: Gen 22:1-14, Rom 6:22-23**
- Vertel die storie oor asof jy 'n diertjie in die veld is wat alles aanskou.
- Hoe dink jy het Abram gevoel toe die Here 'n ander offer voorsien?
- Wat beteken dit in vandag se tyd om in gehoorsaamheid aan die Here te lewe?

## DOEN
Kyk in julle kos-, klerekaste en tussen julle speelgoed, sportgoed en skryfbehoeftes ...
Wat sal julle kan skenk om aan iemand anders se behoeftes te voorsien?

## BID
Dank die Here deur Rom 6:22-23 te gebruik. Jy is vrygekoop en nou in diens van die Here! Hy het voorsien!
Bid ook vir kinders wat honger is, haweloos is, siek is, eensaam is of swaarkry.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: